**Amendment of section 31 of Act 101 of 1997, as amended by section 11 of Act 23 of 2001 and section 8 of Act 63 of 2002**

**9.** Section 31 of the principal Act is hereby amended by the insertion after subsection (1) of the following subsection:

"(1A) The council must—
*(a)* consider the advice given by the institutional forum; and
*(b)* provide written reasons if the advice is not accepted.".

**Amendment of section 34 of Act 101 of 1997, as amended by section 2 of Act 21 of 2011**

**10.** Section 34 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) Notwithstanding subsection (1) the principal, any vice-principal and the academic employees of the public higher education institution must be appointed by the council after consultation with the senate;";

*(b)* by the substitution in subsection (4) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* (i) before he or she assumes office; and
(ii) whenever a new interest arises,
declare any business, commercial or financial activities undertaken for financial or other gain that may raise a conflict or a possible conflict of interest with the public higher education institution concerned; and";

*(c)* by the substitution in subsection (5) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"An employee may not conduct business directly or indirectly with the public higher education institution at which he or she is employed that entails or may entail a conflict of interest with the public higher education institution unless the council of such public higher education institution is of the opinion, and takes a decision, that—"; and

*(d)* by the substitution for subsections (6) and (7) of the following subsections, respectively:

"(6) An employee may not on behalf of **[that]** the public higher education institution concerned contract with himself or herself or his or her relative or any entity in which **[he or she]** the employee or any relative has a direct or indirect financial **[or]**, personal, fiduciary or other interest.

(7) Contracting referred to in subsection (6) relates to conduct that is aimed at receiving any direct or indirect financial, personal, fiduciary or other gain that does not form part of the employment relationship contemplated in subsection (1).".

**Repeal of sections 38A to 38O of Act 101 of 1997**

**11.** Sections 38A to 38O of the principal Act are hereby repealed.

**Amendment of section 39 of Act 101 of 1997, as amended by section 4 of Act 55 of 1999**

**12.** Section 39 of the principal Act is hereby amended by the insertion after subsection (3) of the following subsections:

"(3A) If the council of a public higher education institution fails to comply with any—
*(a)* provision of this Act under which an allocation from money appropriated by Parliament is paid to the institution; or
*(b)* condition subject to which any such allocation is paid to such institution, the Minister may in writing request such council to comply with the provision or condition within a specified period.

(3B) If such council thereafter fails to comply with the provision or condition within the specified period as contemplated in subsection (3A), the Minister—

**Wysiging van artikel 31 van Wet 101 van 1997, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 23 van 2001 en artikel 8 van Wet 63 van 2002**

**9.** Artikel 31 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:

"(1A) Die raad moet—
*(a)* die raad deur die inrigtingsforum gegee, oorweeg; en
*(b)* geskrewe redes verstrek indien die raad nie aanvaar word nie.".

**Wysiging van artikel 34 van Wet 101 van 1997, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 21 van 2011**

**10.** Artikel 34 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
"(2) Ondanks subartikel (1) moet die hoof, enige onderhoof en die akademiese werknemers van die openbare inrigting vir hoër onderwys deur die raad na oorleg met die senaat aangestel word;";

*(b)* deur paragraaf *(a)* in subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:
"*(a)* (i) voordat hy of sy die amp opneem; en
(ii) wanneer 'n nuwe belang ontstaan,
enige sake, kommersiële of finansiële aktiwiteite vir finansiële of ander gewin onderneem wat 'n botsing van of moontlike botsing van belange met die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys kan laat ontstaan, verklaar; en";

*(c)* deur in subartikel (5) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:
" 'n Werknemer mag nie direk of indirek met die openbare inrigting vir hoër onderwys waar hy of sy in diens is, sake doen wat 'n botsing van belange met die openbare inrigting vir hoër onderwys behels of kan behels nie, tensy die raad van sodanige openbare inrigting vir hoë onderwys van mening is, en 'n besluit neem, dat—"; en

*(d)* deur subartikels (6) en (7) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:
"(6) 'n Werknemer kan nie namens **[daardie]** die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys 'n kontrak aangaan met homself of haarself of sy of haar bloedverwant of enige entiteit waarin **[hy of sy]** die werknemer of enige bloedverwant 'n direkte of indirekte finansiële **[of]**, persoonlike, fidusiêre of ander belang het nie.
(7) Kontraktering in subartikel (6) bedoel hou verband met optrede wat daarop gemik is om enige direkte of indirekte finansiële, persoonlike, fidusiêre of ander voordeel te trek wat nie deel vorm van die diensverhouding in subartikel (1) beoog nie.".

**Herroeping van artikels 38A tot 38O van Wet 101 van 1997**

**11.** Artikels 38A tot 38O van die Hoofwet word hierby herroep.

**Wysiging van artikel 39 van Wet 101 van 1997, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 55 van 1999**

**12.** Artikel 39 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikels na subartikel (3) in te voeg:

"(3A) Indien die raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys versuim om te voldoen aan enige—
*(a)* bepaling van hierdie Wet waarkragtens 'n toekenning uit geld deur die Parlement bewillig aan die inrigting betaal word; of
*(b)* voorwaarde waaronder enige sodanige toekenning aan sodanige inrigting betaal word, kan die Minister skriftelik versoek dat die raad binne 'n bepaalde tydperk aan die bepaling of voorwaarde voldoen.

(3B) Indien sodanige raad daarna versuim om aan die bepaling of voorwaarde te voldoen binne die bepaalde tydperk soos in subartikel (3A) beoog—

*(a)* may withhold payment of any commensurate portion of any allocation appropriated by Parliament in respect of the public higher education institution concerned; and
*(b)* must in writing inform the council concerned of his decision.

(3C) Before acting under subsection (3B), the Minister must—
*(a)* give notice in writing to the council of the public higher education institution concerned of the intention so to act;
*(b)* give such council a reasonable opportunity to make representations; and
*(c)* consider such representations.

(3D) The Minister must table a report in Parliament, regarding any action taken under subsection (3B), within a period of 30 days of the action.''.

**Amendment of section 41 of Act 101 of 1997, as amended by section 5 of Act 54 of 2000 and substituted by section 10 of Act 63 of 2002**

**13.** Section 41 of the principal Act is hereby amended—
*(a)* by the substitution for the heading of the following heading:
''**Records to be kept, external audit and information to be furnished by council**'';
*(b)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(b)* of the following paragraph:
''*(b)* in respect of the public higher education institution concerned as a whole—
(i) ensure the implementation of an external audit in accordance with accepted audit principles and standards on an annual basis; and
(ii) keep complete accounting records of all assets, liabilities, income and expenses and any other financial transactions **[of the public higher education institution as a whole, of its substructures and of other bodies operating under its auspices]**;''; and
*(c)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:
''(2) The council of a public higher education institution must**[, in respect of the preceding year and]** by a date and in the manner prescribed by the Minister, provide the Minister with such information, in such format, as the Minister **[prescribes]** may prescribe.''.

**Insertion of heading in Act 101 of 1997**

**14.** The following heading is inserted after section 41 of the principal Act:

''**CHAPTER 6**

**MINISTERIAL INTERVENTIONS IN HIGHER EDUCATION INSTITUTIONS**''.

**Repeal of section 41A of Act 101 of 1997**

**15.** Section 41A of the principal Act is hereby repealed.

**Substitution of section 42 of Act 101 of 1997**

**16.** The following section is hereby substituted for section 42 of the principal Act:

''**Ministerial directive**

**42.** (1) The Minister may issue a directive to the council of a public higher education institution if the Minister, after having complied with the provisions of subsection (3), has reasonable grounds to believe that the Council or the management of that public higher education institution—
*(a)* is involved in financial impropriety or the public higher education institution is being otherwise mismanaged;
*(b)* is unable to perform its functions effectively;

*(a)* kan die Minister betaling van enige ooreenstemmende gedeelte van enige toekenning deur die Parlement bewillig ten opsigte van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys, weerhou; en
*(b)* moet die Minister die betrokke raad skriftelik van sy of haar besluit inlig.

(3C) Voordat kragtens subartikel (3B) opgetree word, moet die Minister—
*(a)* skriftelik aan die raad van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys kennis gee van die voorgenome stappe;
*(b)* die raad 'n redelike geleentheid gun om vertoë te rig; en
*(c)* sodanige vertoë oorweeg.

(3D) Die Minister moet 'n verslag in die Parlement ter tafel lê oor enige stappe kragtens subartikel (3B) gedoen, binne 'n tydperk van 30 dae nadat sodanige stappe gedoen is.".

**Wysiging van artikel 41 van Wet 101 van 1997, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 54 van 2000 en vervang deur artikel 10 van Wet 63 van 2002**

**13.** Artikel 41 van die Hoofwet word hierby gewysig—
*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:
"**Raad moet rekords hou, eksterne oudit en inligting verstrek**";
*(b)* deur in subartikel (1) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:
"*(b)* ten opsigte van die openbare inrigting vir hoër onderwys as 'n geheel—
(i) die inwerkingstelling van 'n jaarlikse eksterne oudit ooreenkomstig die aanvaarde ouditbeginsels en -standaarde verseker; en
(ii) volledige verrekeningsrekords hou van alle bates, laste, inkomste en uitgawes en enige ander finansiële transaksies **[van die openbare inrigting vir hoër onderwys as 'n geheel, van sy substrukture en van ander liggame wat onder beskerming van die inrigting funksioneer]**;"; en
*(c)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
"(2) Die raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys moet**[, ten opsigte van die vorige jaar en]** teen die datum of datums en op die wyse deur die Minister voorgeskryf, die Minister voorsien van die inligting, in die formaat, wat die Minister kan voorskryf.".

**Invoeging van opskrif in Wet 101 van 1997**

**14.** Die volgende opskrif word na artikel 41 van die Hoofwet ingevoeg:

"**HOOFSTUK 6**

**MINISTERIËLE INGRYPINGS IN INRIGTINGS VIR HOËR ONDERWYS**".

**Herroeping van artikel 41A van Wet 101 van 1997**

**15.** Artikel 41A van die Hoofwet word hierby herroep.

**Vervanging van artikel 42 van Wet 101 van 1997**

**16.** Artikel 42 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Ministeriële lasgewing**

**42.** (1) Die Minister kan 'n lasgewing aan die raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys uitreik indien die Minister, nadat aan die bepalings van subartikel (3) voldoen is, redelike gronde het om te glo dat die Raad of die bestuur van daardie openbare inrigting vir hoër onderwys—
*(a)* by finansiële onbehoorlikheid betrokke is of dat die openbare inrigting vir hoër onderwys andersins wanbestuur word;
*(b)* nie sy werksaamhede doeltreffend kan verrig nie;

*(c)* has acted in an unfair, discriminatory or wrongful manner towards a person to whom it owes a duty under this Act or any other law;
*(d)* has failed to comply with any law;
*(e)* has failed to comply with any directive given by the Minister in terms of section 39; or
*(f)* has obstructed the Minister or a person authorised by the Minister in performing a function in terms of this Act.

(2) A directive contemplated in subsection (1) must state—
*(a)* the nature and extent of the deficiency;
*(b)* the negative impact of the deficiency on the institution and or higher education in an open and democratic society;
*(c)* the steps which should be taken to remedy the situation;
*(d)* a reasonable period within which the steps contemplated in subparagraph *(c)* or any other steps contemplated by the higher education institution and approved by the Minister, must be taken; and
*(e)* the manner in which the council of the public higher education institution concerned must provide written information to the Minister in respect of compliance with the directive.

(3) Before making a decision under subsection (1), the Minister must—
*(a)* give notice to the council of the intention to issue a directive;
*(b)* provide the council with the reasons for the intended directive;
*(c)* give the council a reasonable opportunity to make representations; and
*(d)* consider the representations contemplated in paragraph *(c)*.

(4) In the event that the Minister has reasonable grounds to believe that the council of the public higher education institution concerned has failed to comply with the directive contemplated in this section within the stated period, or the steps taken, fail to remedy the deficiency within a reasonable period of time, the Minister may, depending on the circumstances—
*(a)* appoint an independent assessor in accordance with section 44; or
*(b)* appoint an administrator in accordance with section 49B; or
*(c)* take any other appropriate action allowed by this Act or any other law.''.

**Deletion of the heading of Act 101 of 1997**

**17.** The heading ''**CHAPTER 6 INDEPENDENT ASSESSOR**'' after section 42 of the principal Act is hereby deleted.

**Amendment of section 44 of Act 101 of 1997**

**18.** Section 44 of the principal Act is hereby amended—
*(a)* by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:
''**[The]** Notwithstanding any other provision of this Act, the Minister may, from the independent assessment panel contemplated in section 43, appoint an assessor who is independent in relation to the public higher education institution concerned, to conduct an investigation at the public higher education institution—'';
*(b)* by the insertion after subsection (1) of the following subsection:
''(1A) The Minister must publish a notice on the appointment of the independent assessor contemplated in subsection (1) in the *Gazette* as soon as possible.''; and
*(c)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:
''(2) The council of the public higher education institution, employees and students of the public higher education institution concerned and any person affected by the investigation must, subject to relevant legal provisions and practice, assist and co-operate with the independent assessor in the performance of his or her functions in **[terms of]** accordance with section 47.''.

*(c)* op 'n onregverdige, diskriminerende of wederregtelike wyse opgetree het teenoor 'n persoon aan wie hy kragtens hierdie Wet of enige ander wet 'n plig verskuldig is;
*(d)* versuim het om aan enige wetsbepaling te voldoen;
*(e)* versuim het om aan enige lasgewing ingevolge artikel 39 deur die Minister gegee, gehoor te gee; of
*(f)* die Minister of 'n persoon deur die Minister gemagtig gedwarsboom het in die verrigting van 'n werksaamheid ingevolge hierdie Wet.

(2) 'n Lasgewing in subartikel (1) beoog, moet die volgende stel—
*(a)* die aard en omvang van die gebrek;
*(b)* die negatiewe impak van die gebrek op die inrigting en op hoër onderwys in 'n oop en demokratiese samelewing;
*(c)* die stappe wat gedoen moet word om die situasie reg te stel;
*(d)* 'n redelike tydperk waarbinne die stappe in subparagraaf *(c)* beoog of enige ander stappe deur die inrigting vir hoër onderwys oorweeg en deur die Minister goedgekeur, gedoen moet word; en
*(e)* die wyse waarop die raad van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys geskrewe inligting oor voldoening aan die lasgewing aan die Minister moet verstrek.

(3) Voordat 'n besluit kragtens subartikel (1) geneem word, moet die Minister—
*(a)* aan die raad kennis gee van die voorneme om 'n lasgewing uit te reik;
*(b)* die raad voorsien van die redes vir die voorgenome lasgewing;
*(c)* die raad 'n redelike geleentheid gun om vertoë te rig; en
*(d)* die vertoë in paragraaf *(c)* beoog, oorweeg.

(4) Waar die Minister redelike gronde het om te glo dat die raad van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys versuim het om binne die vermelde tydperk aan die lasgewing in hierdie artikel beoog, te voldoen, of as die stappe wat gedoen is misluk om die gebrek binne 'n redelike tydperk reg te stel, kan die Minister, afhangende van die omstandighede—
*(a)* 'n onafhanklike assessor ooreenkomstig artikel 44 aanstel; of
*(b)* 'n administrateur ooreenkomstig artikel 49B aanstel; of
*(c)* enige ander gepaste stappe doen wat deur hierdie Wet of enige ander wetsbepaling toegelaat word.".

**Skrapping van opskrif van Wet 101 van 1997**

**17.** Die opskrif "**HOOFSTUK 6 ONAFHANKLIKE ASSESSOR**" na artikel 42 van die Hoofwet word hierby geskrap.

**Wysiging van artikel 44 van Wet 101 van 1997**

**18.** Artikel 44 van die Hoofwet word hierby gewysig—
*(a)* deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:
"**[Die]** Ondanks enige ander bepaling van hierdie Wet, kan die Minister **[kan]** uit die onafhanklike evalueringspaneel beoog in artikel 43 'n assessor aanstel wat onafhanklik is met betrekking tot die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys om 'n ondersoek aan die openbare inrigting vir hoër onderwys te doen—";
*(b)* deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:
"(1A) Die Minister moet 'n kennisgewing oor die aanstelling van die onafhanklike assessor in subartikel (1) beoog so gou moontlik in die *Staatskoerant* publiseer."; en
*(c)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
"(2) Die raad van die openbare inrigting vir hoër onderwys, werknemers en studente van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys en enige persoon wat geraak word deur die ondersoek moet, behoudens die tersaaklike wetsbepalings en praktyk, die onafhanklike assessor in die verrigting van sy of haar werksaamhede **[ingevolge]** ooreenkomstig artikel 47 bystaan en met hom of haar saamwerk.".

**Substitution of section 45 of Act 101 of 1997**

**19.** The following section is hereby substituted for section 45 of the principal Act:

"**Cases where independent assessor may be appointed**

**45. [An]** The Minister may appoint an independent assessor **[may be appointed]** under section 44 if—
*(a)* the council of a public higher education institution requests **[the]** such appointment in writing; **[or]**
*(b)* (i) circumstances arise at a public higher education institution that—
**[(i)]***(aa)* involve financial or other maladministration of a serious nature; or
**[(ii)]***(bb)* seriously undermine the effective functioning of the public higher education institution**[; or]**; and
**[*(c)*]**(ii) the council of the public higher education institution has failed to resolve such circumstances; **[and]**
*(c)* the circumstances contemplated in section 42(4) arise; and
*(d)* the appointment is in the best interest of the public higher education institution concerned and in the interests of higher education in an open and democratic society.".

**Amendment of section 45A of Act 101 of 1997, as inserted by section 9 of Act 23 of 2012**

**20.** Section 45A of the principal Act is hereby amended—
*(a)* by the substitution for subsections (1) and (2) of the following subsections, respectively:

"(1) *(a)* The independent assessor has the power on receipt of a complaint or an allegation or on the ground of information that has come to his or her knowledge and which **[points]** amounts to conduct such as referred to in section 45, to conduct an investigation for the purpose of determining—
(i) the merits of the complaint, allegation or information; and
(ii) the manner in which the matter concerned should be dealt with.

*(b)* The format and the procedure to be followed in conducting any investigation **[shall]** must be determined by the independent assessor with due regard to the PAJA, substantive fairness and the circumstances of the case.

*(c)* The independent assessor may direct that any category of persons or all persons whose presence is not desirable **[shall]** may not be present at any proceedings pertaining to any investigation or part thereof: Provided that in the event that the rights, interests or potential interests of a person so excluded may be affected by such proceedings, all information related to such excluded person obtained during the proceedings concerned must be made available in writing to him or her within a period not exceeding 14 calendar days after such proceedings in order to enable him or her to make written representations to the assessor if he or she so wishes.

(2) Notwithstanding anything to the contrary contained in any law, no person may disclose to any other person the contents of any document in the possession of the independent assessor or the record of any evidence given to the independent assessor during an investigation, unless the independent assessor determines otherwise: Provided that such document or evidence must be made available—
*(a)* for purposes of, or during, proceedings before a court, tribunal or forum; and
*(b)* to a person, or his or her union representative or legal representative, in the event that the rights, interests or potential interests of that person may be affected by such document or evidence.";

21

**Vervanging van artikel 45 van Wet 101 van 1997**

**19.** Artikel 45 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Gevalle waar onafhanklike assessor aangestel kan word**

**45. ['n Onafhanklike]** Die Minister kan 'n onafhanklike assessor **[kan]** kragtens artikel 44 **[aangestel word]** aanstel indien—

*(a)* die raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys die aanstelling skriftelik versoek; **[of]**

*(b)* (i) omstandighede by 'n openbare inrigting vir hoër onderwys ontstaan wat—

**[(i)]***(aa)* finansiële of ander wanadministrasie van 'n ernstige aard behels; of

**[(ii)]***(bb)* die doeltreffende werking van die openbare inrigting vir hoër onderwys ernstig ondermyn; **[of]** en

**[*(c)*]** (ii) die raad van die openbare inrigting vir hoër onderwys versuim het om die omstandighede reg te stel; **[en]**

*(c)* die omstandighede in artikel 42(2) beoog, ontstaan; en

*(d)* die aanstelling in die beste belang van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys en in die belang van hoër onderwys in 'n oop en demokratiese samelewing is.".

**Wysiging van artikel 45A van Wet 101 van 1997, soos ingevoeg deur artikel 9 van Wet 23 van 2012**

**20.** Artikel 45A van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikels (1) en (2) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:

"(1) *(a)* Die onafhanklike assessor het die bevoegdheid, by ontvangs van 'n klagte of 'n bewering of op grond van inligting waarvan hy of sy te wete gekom het en wat neerkom op gedrag soos in artikel 45 bedoel **[impliseer]**, om 'n ondersoek te doen ten einde—

(i) die klagte, bewering of inligting se meriete; en

(ii) die wyse waarop die betrokke aangeleentheid hanteer moet word,

te bepaal.

*(b)* Die formaat en prosedure wat gevolg moet word in die uitvoer van enige ondersoek **[word]** moet met behoorlike inagneming van die PAJA, substantiewe billikheid en die omstandighede van die saak, deur die onafhanklike assessor bepaal word.

*(c)* Die onafhanklike assessor kan gelas dat enige kategorie persone of alle persone wie se teenwoordigheid ongewens is nie by enige verrigtinge betreffende enige ondersoek of deel daarvan teenwoordig **[sal]** mag wees nie: Met dien verstande dat indien die regte, belange of potensiële belange van 'n persoon deur sodanige verrigtinge geraak kan word, alle inligting wat verband hou met sodanige uitgesluite persoon wat tydens die betrokke verrigtinge verkry is, skriftelik aan hom of haar beskikbaar gestel moet word binne 'n tydperk van hoogstens veertien kalenderdae om hom of haar in staat te stel om skriftelike vertoë aan die assessor te rig indien hy of sy wil.

(2) Ondanks enigiets tot die teendeel in enige wet vervat, mag geen persoon die inhoud van enige dokument in besit van die onafhanklike assessor of die rekord van enige getuienis gedurende 'n ondersoek aan die onafhanklike assessor gelewer, aan iemand anders bekend maak nie, tensy die onafhanklike assessor anders bepaal: Met dien verstande dat die dokument of getuienis beskikbaar gestel moet word—

*(a)* vir die doeleindes van, of tydens, verrigtinge voor 'n hof, tribunaal of forum; en

*(b)* aan 'n persoon of sy of haar vakbondverteenwoordiger of regsverteenwoordiger indien die regte, belange of potensiële belange van 'n persoon deur so 'n dokument of getuienis, geraak kan word.";

*(b)* by the substitution for subsections (4) and (5) of the following subsections, respectively:

"(4) *(a)* For the purposes of conducting an investigation the independent assessor may in writing direct any member of the council, employee, student or service provider of the higher education institution or any other person or representative of an entity with a business or other relationship with the institution to submit an affidavit or affirmed declaration or to appear before him or her to—

(i) give evidence; or **[to]**

(ii) produce any document—

*(aa)* in his or her possession; or

*(bb)* under his or her control,

which has a bearing on the matter being investigated, and may **[examine]** interview such person.

*(b)* The independent assessor or any person contemplated in section 48 and duly authorised thereto by the independent assessor may request an explanation from any person whom he or she reasonably suspects of having information which has a bearing on a matter being, or to be, investigated.

(5) A **[direction]** directive referred to in subsection (4) must contain particulars of the matter in connection with which the person concerned is required to appear before the independent assessor and **[shall]** must be signed by the independent assessor and served on the person either by **[a]**—

*(a)* registered **[letter sent through the post]** mail; or

*(b)* [delivered] delivery executed by a person contemplated in section 48,

to the concerned person's last known address as registered with the public higher education institution."; and

*(c)* by the substitution for subsections (7) to (9) of the following subsections, respectively:

"(7) The independent assessor or any person contemplated in section 48—

*(a)* must be appointed as a commissioner of oaths in accordance with the relevant Justices of the Peace and Commissioners of Oaths Act, 1963 (Act No. 16 of 1963), prior to administering an oath to, or accepting an affirmation from; and

*(b)* may administer an oath to, or accept an affirmation from, any **[such]** person contemplated in subsection (6).

(8) *(a)* If it appears to the independent assessor during the course of an investigation that any person is **[being]** implicated in the matter being investigated and that—

(i) such implication may be to the detriment of that person; or

(ii) **[that]** an adverse finding pertaining to that person may result, the independent assessor must give such a person notice of the detrimental implication or possible adverse finding, as the case may be, and provide such person with all the relevant documentation and evidence affecting the rights, interests or potential interests of such person obtained during the investigations conducted by the independent assessor and afford such person **[or the council an]** the opportunity to respond in connection therewith, in **[any]** a manner that **[may be]** is expedient under the circumstances.

*(b)* If such implication forms part of the evidence submitted to the independent assessor during the proceedings contemplated in section 45A(1)*(c)* or during an appearance in terms of the provisions of subsection (4), such person must be afforded **[an]** the opportunity to be heard in connection therewith by way of giving evidence.

(9) The independent assessor **[may]** must allow a legal representative or a representative from a trade union of which a person is a member to assist the person contemplated in subsection (1)*(c)*, (2), (4) or (8) **[, in accordance with section 3 (5) of the Promotion of Administrative Justice Act, 2000 (Act 3 of 2000)]**.".

*(b)* deur subartikels (4) en (5) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:

"(4) *(a)* Vir die doeleindes van die doen van 'n ondersoek kan die onafhanklike assessor enige lid van die raad, werknemer, student of diensverskaffer van die inrigting vir hoër onderwys of enige ander persoon of entiteit met 'n sake- of ander verhouding met die inrigting, skriftelik opdrag gee om 'n eedsverklaring of plegtige verklaring voor te lê of voor hom of haar te verskyn om—

(i) getuienis te lewer; of **[om]**

(ii) enige dokument voor te lê—

*(aa)* in sy of haar besit; of

*(bb)* onder sy of haar beheer,

wat betrekking het op die aangeleentheid wat ondersoek word, en kan 'n onderhoud met sodanige persoon **[ondervra]** voer.

*(b)* Die onafhanklike assessor of enige persoon in artikel 48 beoog en na behore deur die onafhanklike assessor daartoe gemagtig, kan 'n verduideliking van enige persoon vereis wat hy of sy redelik vermoed inligting het wat betrekking het op 'n aangeleentheid wat ondersoek word, of ondersoek gaan word.

(5) 'n **[Opdrag]** Lasgewing in subartikel (4) bedoel, moet besonderhede bevat van die aangeleentheid na aanleiding waarvan van die betrokke persoon vereis word om voor die onafhanklike assessor te verskyn, en **[word]** moet deur die onafhanklike assessor onderteken word en by wyse van—

*(a)* óf **['n]** geregistreerde **[brief per]** pos;

*(b)* óf deur aflewering deur 'n persoon beoog in artikel 48,

op die persoon beteken word by die betrokke persoon se laaste bekende adres soos by die openbare inrigting vir hoër onderwys geregistreer."; en

*(c)* deur subartikels (7) tot (9) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:

"(7) Die onafhanklike assessor of enige persoon in artikel 48 beoog—

*(a)* moet ooreenkomstig die Wet op Vrederegters en Kommissarisse van Ede, 1963 (Wet No. 16 van 1963), as 'n kommissaris van ede aangestel word voordat hy of sy 'n eed afneem van of bevestiging aanvaar; en

*(b)* kan **[so]** 'n persoon in subartikel (6) beoog 'n eed of plegtige verklaring laat aflê.

(8) *(a)* Indien dit tydens 'n ondersoek vir die onafhanklike assessor blyk dat 'n persoon in die aangeleentheid wat ondersoek word geïmpliseer word en dat—

(i) sodanige implikasie tot die nadeel van daardie persoon kan wees; of

(ii) dat 'n nadelige aanbeveling met betrekking tot daardie persoon die gevolg kan wees, moet die onafhanklike assessor sodanige persoon **[of die raad 'n]** kennis gee van die nadelige implisering of moontlike nadelige aanbeveling, na gelang van die geval, en sodanige persoon voorsien van al die tersaaklike dokumentasie en bewyse wat die regte, belange of potensiële belange van sodanige persoon raak wat tydens die ondersoek van die onafhanklike assessor verkry is en sodanige persoon die geleentheid gun om in verband daarmee te reageer, op **[enige]** 'n wyse wat onder die omstandighede gepas **[kan wees]** is.

*(b)* Indien sodanige implisering deel vorm van die getuienis aan die onafhanklike assessor voorgelê tydens die verrigtinge in artikel 45A(1)*(c)* beoog of tydens 'n verskyning ingevolge die bepalings van subartikel (4), moet sodanige persoon **['n]** die geleentheid gegun word om deur middel van getuienis in verband daarmee aangehoor te word.

(9) Die onafhanklike assessor **[kan]** moet 'n regsverteenwoordiger of 'n verteenwoordiger van 'n vakbond waarvan 'n persoon 'n lid is, toelaat om 'n persoon in subartikel (1)*(c)*, (2), (4) of 8 beoog by te staan**[, ooreenkomstig artikel 3(5) van die 'Promotion of Administrative Justice Act, 2000' (Wet No. 3 van 2000)]**.".

**Substitution of section 45B of Act 101 of 1997**

**21.** The following section is hereby substituted for section 45B of the principal Act:

"**Entering upon premises by independent assessor**

**45B.** The independent assessor **[shall be]** is competent to enter, or to authorise another person contemplated in section 48 to enter, any building or premises of the public higher education institution under investigation in terms of section 45 and to make such investigation or assessment as he or she may deem necessary, and to copy any documents on those premises which in his or her opinion have a bearing on the investigation and to hand a signed inventory of such copied documents to the person or persons to whom the custody of the documents is entrusted.".

**Amendment of section 47 of Act 101 of 1997, as amended by section 3 of Act 21 of 2011 and substituted by section 10 of Act 23 of 2012**

**22.** Section 47 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(c)* of the following paragraph:

"*(c)* suggest in the report appropriate measures and provide the reasons why the measures are needed.";

*(b)* by the insertion of the following subsection after subsection (1):

"(1A) The Minister may, on good cause shown, at the request of the independent assessor extend the period in subsection (1)."; and

*(c)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The Minister must **[as soon as practicable]** within 90 days of receiving the report referred to in subsection (1), provide a copy of the report **[referred to in subsection (1)]** to the council concerned, table the report before the National Assembly and publish such report in the *Gazette*.".

**Substitution of section 49 of Act 101 of 1997**

**23.** The following section is hereby substituted for section 49 of the principal Act:

"**Remuneration and allowances of independent assessor**

**49.** The Minister, with the **[concurrence]** written approval of the Minister of Finance, may determine the remuneration and allowances to be paid to an independent assessor and any other person appointed under section 48.".

**Substitution of section 49A of Act 101 of 1997**

**24.** The following section is hereby substituted for section 49A of the principal Act:

"**Indemnification of independent assessor**

**49A.** The Minister shall be liable for any loss or damage suffered by another person, which arose from an act or omission of an independent assessor as a claim against the State and may not recover such loss from the independent assessor, provided that the independent assessor shall forfeit this cover if he or she, with regard to the act or omission, is liable in law and guilty of the following acts:

*(a)* Intentionally exceeded his or her powers;
*(b)* made use of alcohol or drugs;
*(c)* did not act in the course and scope of his or her terms of reference;
*(d)* acted recklessly or intentionally;

**Vervanging van artikel 45B van Wet 101 van 1997**

**21.** Artikel 45B van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“**Betreding van perseel deur onafhanklike assessor**

**45B.** Die onafhanklike assessor is bevoeg om enige gebou of perseel by die openbare inrigting vir hoër onderwys wat ingevolge artikel 45 ondersoek word, te betree of ’n ander persoon in artikel 48 beoog te magtig om dit te doen, ten einde sodanige ondersoek of assessering te doen wat hy of sy nodig mag ag, en om afdrukke van enige dokumente op daardie perseel te maak wat na sy of haar mening op die ondersoek van toepassing is en om ’n ondertekende inventaris van sodanige gekopieerde dokumente aan die persoon of persone aan wie die bewaring van die dokumente toevertrou word, te oorhandig.”.

**Wysiging van artikel 47 van Wet 101 van 1997, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 21 van 2011 en vervang deur artikel 10 van Wet 23 van 2012**

**22.** Artikel 47 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) paragraaf *(c)* deur die volgende paragraaf te vervang:

“*(c)* gepaste maatreëls in die verslag voorstel en die redes waarom die maatreëls nodig is, verstrek.”;

*(b)* deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:

“(1A) Die Minister kan, by die aanvoer van goeie gronde, op versoek van die onafhanklike assessor, die tydperk in subartikel (1) verleng.”; en

*(c)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) Die Minister moet **[so gou doenlik]** binne 90 dae vanaf ontvangs van die verslag in subartikel (1) bedoel, ’n afskrif van die verslag **[bedoel in subartikel (1)]** aan die betrokke raad voorsien, die verslag in die Nasionale Vergadering ter tafel lê en die verslag in die *Staatskoerant* publiseer.”.

**Vervanging van artikel 49 van Wet 101 van 1997**

**23.** Artikel 49 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“**Besoldiging en toelaes van onafhanklike assessor**

**49.** Die Minister kan, met die **[instemming]** skriftelike goedkeuring van die Minister van Finansies, die besoldiging en toelaes betaalbaar aan ’n onafhanklike assessor en enige ander persoon kragtens artikel 48 aangestel, bepaal.”.

**Vervanging van artikel 49A van Wet 101 van 1997**

**24.** Artikel 49A van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“**Skadeloosstelling van onafhanklike assessor**

**49A.** Die Minister is aanspreeklik vir enige verlies of skade deur ’n ander persoon gely, wat voortspruit uit ’n handeling of nalate van ’n onafhanklike assessor as ’n eis teen die Staat en mag so ’n verlies nie van die onafhanklike assessor verhaal nie, met dien verstande dat die onafhanklike assessor hierdie dekking sal verbeur indien hy of sy, ten opsigte van die handeling of nalate, by wet aanspreeklik vir en skuldig aan die volgende handelinge is:

*(a)* Opsetlik sy of haar bevoegdhede oorskry het;

*(b)* alkohol of dwelms gebruik het;

*(c)* nie in die verloop en bestek van sy of haar opdrag gehandel het nie;

*(d)* roekeloos of opsetlik opgetree het;

*(e)* without prior consultation with the State Attorney, made an admission that was detrimental to the best interest of higher education; or

*(f)* failed to comply with or ignored standing instructions, of which he or she was aware of or could reasonably have been aware of, which led to the loss, damage or reason for the claim, excluding damage arising from the use of a vehicle for official purposes; and

*(g)* in the case of a loss, damage or claim arising from the use of a vehicle for official purposes, the independent assessor—

(i) used the vehicle without authorisation;

(ii) did not possess a valid driver's licence or other appropriate licence;

(iii) did not use the vehicle in the interest of higher education;

(iv) allowed unauthorised persons to handle the vehicle; or

(v) deviated materially from the official journey or route without prior authorisation.''.

**Amendment of section 49B of Act 101 of 1997, as inserted by section 11 of Act 23 of 2012**

**25.** Section 49B of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) Notwithstanding any other provision of this Act, the Minister may **[after consultation with the council of a public higher education institution, if practicable,]** appoint a person as administrator **[to take over the management, governance and administration of the public higher education institution and to perform the functions of the public higher education institution]**, if any of the following circumstances occur:

*(a)* An audit of the financial records of a public higher education institution or the report by an independent assessor or any other report or information reveals financial or other maladministration of a serious nature or serious undermining of the effective functioning of the public higher education institution;

*(b)* **[any other circumstances arising that reveal financial or other maladministration of a serious nature or the serious undermining of the effective functioning of the public higher education institution; or]** the circumstances contemplated in section 42(4) arise;

*(c)* the council of the public higher education institution requests such appointment; or

*(d)* if the council of the public higher education institution is deemed to have resigned as contemplated in section 27(8).'';

*(b)* by the insertion after subsection (1) of the following subsection:

''(1A) The Minister must, before making an appointment under subsection (1) on the grounds listed in section (1)*(a)* or *(b)*—

*(a)* give written notice that complies with section 42(3) to the council of the higher education institution concerned of his or her intention to make such an appointment;

*(b)* provide the council of the higher education institution concerned with the reasons for the appointment;

*(c)* give the council of the higher education institution a reasonable opportunity to make written representations; and

*(d)* consider the representations contemplated in paragraph *(c)*;''; and

*(c)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

''(2) The Minister may only act in terms of subsection (1)*(a)* or *(b)* if he or she has reason to believe that the appointment of an administrator is in the best interest of the public higher education institution concerned and of higher education in an open and democratic society.''.

27

*(e)* sonder om vooraf met die Staatsprokureur oorleg te pleeg, 'n erkenning gemaak het wat nadelig vir die beste belange van hoër onderwys was; of

*(f)* versuim het om aan staande orders waarvan hy of sy bewus was of redelik van bewus kon gewees het te voldoen of dit geïgnoreer het, wat gelei het tot die verlies, skade of rede vir die eis, behalwe skade wat die resultaat is van die gebruik van 'n voertuig vir amptelike doeleindes; en

*(g)* in die geval van 'n verlies, skade of eis na aanleiding van die gebruik van 'n voertuig vir amptelike doeleindes, die onafhanklike assessor—

(i) die voertuig sonder magtiging gebruik het;

(ii) nie 'n geldige bestuurslisensie of ander gepaste lisensie gehad het nie;

(iii) die voertuig nie in die belang van hoër onderwys gebruik het nie;

(iv) ongemagtigde persone toegelaat het om die voertuig te hanteer; of

(v) sonder voorafmagtiging wesenlik afgewyk het van die amptelike reis of roete.''.

**Wysiging van artikel 49B van Wet 101 van 1997, soos ingevoeg deur artikel 11 van Wet 23 van 2012**

**25.** Artikel 49B van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) Ondanks enige ander bepaling van hierdie Wet, kan die Minister**[, na oorleg met die raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys, indien prakties moontlik,]** 'n persoon as administrateur aanstel **[om die bestuur, beheer en administrasie van die openbare inrigting vir hoër onderwys oor te neem en om die werksaamhede van die openbare inrigting vir hoër onderwys te verrig]**, indien enige van die volgende omstandighede voorkom:

*(a)* 'n Oudit van die finansiële rekords van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys of 'n verslag deur 'n onafhanklike assessor of enige ander verslag of inligting finansiële of ander wanadministrasie van 'n ernstige aard of ernstige ondergrawing van die doeltreffende funksionering van die openbare inrigting vir hoër onderwys blootlê;

*(b)* **[enige ander omstandighede wat ontstaan wat finansiële of ander wanadministrasie van 'n ernstige aard of die ernstige ondergrawing van die doeltreffende funksionering van die openbare inrigting vir hoër onderwys blootlê; of]** die omstandighede beoog in artikel 42(4) ontstaan;

*(c)* die raad van die openbare inrigting vir hoër onderwys sodanige aanstelling versoek; of

*(d)* indien die raad van die openbare inrigting vir hoër onderwys geag word te bedank het soos in artikel 27(8) beoog.'';

*(b)* deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:

''(1A) Die Minister moet, voordat 'n aanstelling kragtens subartikel (1) gemaak word op die gronde in artikel (1)*(a)* of *(b)* vermeld—

*(a)* skriftelik aan die raad van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys kennis gee wat voldoen aan artikel 42(3) van sy of haar voorneme om so 'n aanstelling te maak;

*(b)* die raad van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys voorsien van die redes vir die aanstelling;

*(c)* die raad van die openbare inrigting vir hoër onderwys 'n redelike geleentheid gun om skriftelike vertoë te rig; en

*(d)* die vertoë in subartikel *(c)* beoog, oorweeg;''; en

*(c)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

''(2) Die Minister kan slegs ingevolge subartikel (1)*(a)* of *(b)* optree indien hy of sy rede het om te glo dat die aanstelling van 'n administrateur in die belang van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys en van hoër onderwys in 'n oop en demokratiese samelewing is.''.

**Insertion of section 49BA in Act 101 of 1997**

**26.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 49B:

''**Publication of appointment of administrator**

**49BA.** The Minister must, when appointing an administrator as contemplated in section 49B or 49G, by notice in the *Gazette* publish—
*(a)* the name of the public higher education institution concerned;
*(b)* the name, address and other contact details of the administrator so appointed;
*(c)* the period of appointment as contemplated in section 49B(3)*(a)* or 49G;
*(d)* the period of extension as contemplated in section 49B(3)*(b)* or 49G, as the case may be and if applicable; and
*(e)* any other information that the Minister may deem necessary.''.

**Substitution of section 49D of Act 101 of 1997**

**27.** The following section is hereby substituted for section 49D of the principal Act:

''**Remuneration and allowances of administrator**

**49D.** (1) The Minister, in consultation with the Minister of Finance, must determine the remuneration and allowances to be paid to—
*(a)* the administrator appointed in accordance with section 49B or 49G; and
*(b)* any other person appointed in accordance with section 49C.

(2) All costs associated with the appointment of—
*(a)* an administrator appointed in accordance with section 49B or 49G; and
*(b)* any other person contemplated in subsection (1)*(b)*,
are for the account of the public higher education institution concerned.''.

**Insertion of sections 49F to 49J in Act 101 of 1997**

**28.** The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 49E:

''**Role, powers, functions and duties of administrator**

**49F.** (1) The administrator appointed in accordance with section 49B must, subject to the provisions of section 49G—
*(a)* take over the role, powers, functions and duties of the council concerned;
*(b)* carry out the role, exercise the powers, perform the functions and execute the duties of the council concerned to the extent that such role, powers, functions and duties relate to governance;
*(c)* take over and execute the management of the public higher education institution concerned;
*(d)* identify and initiate processes and initiatives that restore proper governance and management; and
*(e)* ensure that a new council for the higher education institution concerned is appointed and constituted in accordance with the institutional statute as soon as is practicable.

(2) The Minister may, depending on the circumstances—
*(a)* confine the mandate of the administrator to the role, powers, functions and duties related to the governance of the higher education institution concerned only; and
*(b)* determine the mandate of the administrator to include specific tasks related to the circumstances justifying the appointment.

**Invoeging van artikel 49BA in Wet 101 van 1997**

**26.** Die volgende artikel word hierby na artikel 49B in die Hoofwet ingevoeg:

"**Publikasie van aanstelling van administrateur**

**49BA.** Die Minister moet, by aanstelling van 'n administrateur soos in artikel 49B of 49G oorweeg, by kennisgewing in die *Staatskoerant*—
*(a)* die naam van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys;
*(b)* die naam, adres en ander kontakbesonderhede van die aldus aangestelde administrateur;
*(c)* die tydperk van aanstelling soos in artikel 49B(3)*(a)* of 49G beoog;
*(d)* die tydperk van verlenging soos in artikel 49B(3)*(b)* of 49G beoog, na gelang van die geval en indien van toepassing; en
*(e)* enige ander inligting wat die Minister nodig mag ag,
publiseer.".

**Vervanging van artikel 49D van Wet 101 van 1997**

**27.** Artikel 49D van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Besoldiging en toelaes van administrateur**

**49D.** (1) Die Minister, in oorleg met die Minister van Finansies, moet die besoldiging en toelaes bepaal wat betaal moet word aan—
*(a)* die administrateur ingevolge artikel 49B of 49G aangestel; en
*(b)* enige ander persoon kragtens artikel 49C aangestel.
(2) Alle uitgawes wat met die aanstelling van—
*(a)* 'n administrateur ooreenkomstig artikel 49B of 49G aangestel; en
*(b)* enige ander persoon in subartikel (1)*(b)* beoog,
gepaard gaan, is vir die rekening van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys.".

**Invoeging van artikels 49F tot 49J in Wet 101 van 1997**

**28.** Die volgende artikels word hierby na artikel 49E in die Hoofwet ingevoeg:

"**Rol, bevoegdhede, werksaamhede en pligte van 'n administrateur**

**49F.** (1) Die administrateur ooreenkomstig artikel 49B aangestel moet, behoudens die bepalings van artikel 49G—
*(a)* die rol, bevoegdhede, werksaamhede en pligte van die betrokke raad oorneem;
*(b)* die betrokke raad se rol vervul, bevoegdhede uitvoer en pligte verrig tot die mate wat sodanige rol, bevoegdhede, werksaamhede en pligte met beheer verband hou;
*(c)* die bestuur van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys oorneem en uitvoer;
*(d)* prosesse en inisiatiewe identifiseer en begin wat behoorlike beheer en bestuur herstel; en
*(e)* verseker dat 'n nuwe raad vir die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys so gou moontlik ooreenkomstig die institusionele statute aangestel en saamgestel word.
(2) Die Minister kan, afhangende van die omstandighede—
*(a)* die mandaat van die administrateur beperk tot die rol, bevoegdhede, werksaamhede en pligte wat slegs met die beheer van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys verband hou; en
*(b)* die opdrag van die administrateur vasstel om bepaalde take wat verband hou met die omstandighede wat die aanstelling regverdig, in te sluit.

(3) Subject to this Act, the institutional statute and the rules of the higher education institution concerned, employees and students of the higher education institution concerned must comply with instructions given by the administrator.

**Appointment of administrator on resignation of council**

**49G.** (1) In the event that a council is deemed to have resigned as contemplated in section 27(8), the Minister must appoint a person for a period not exceeding six months as an administrator on behalf of the public higher education institution concerned to—
*(a)* take over the role, powers, functions and duties of the council;
*(b)* carry out the role, exercise the powers, perform the functions and execute the duties of the council to the extent that such role, powers, functions and duties relate to governance; and
*(c)* ensure that a new council is constituted in accordance with the institutional statutes of the institution concerned within a period not exceeding six months subsequent to his or her appointment.

(2) For the purposes of subsection (1), section 49C applies with the changes required by the context.

**Termination of term of office of administrator**

**49H.** (1) The term of office of an administrator is terminated in the event of—
*(a)* the constitution of the council of the higher education institution in accordance with the institutional statute of the higher education institution concerned;
*(b)* the expiry of term of appointment;
*(c)* death or incapacity;
*(d)* resignation; or
*(e)* removal from office by the Minister.

(2) The decision contemplated in subsection (1)*(e)* must be taken with due observance of the provisions of PAJA.

(3) The Minister may in instances where the term of office of an administrator is terminated in accordance with subsection (1)*(b)* to *(e)* appoint a new administrator after consultation with the principal of the higher education institution concerned for the remainder of the term of office of the previous incumbent.

(4) Sections 49BA, 49D, 49F and 49G apply with the changes required by the context to an appointment made as contemplated in subsection (3).

**Directive to council appointed by administrator**

**49I.** (1) The Minister, after taking into account the report of the administrator, may—
*(a)* after the term of office of an administrator is terminated as contemplated in section 49H(1)*(a)*;
*(b)* within the term of office of the first council of the higher education institution concerned appointed by the administrator; and
*(c)* after consultation with that council,

issue a directive to the council to take such action as specified by the Minister in the event that the Minister has reasonable grounds to believe that certain matters related to the effective and efficient functioning of the institution and the execution of its mandate require specific or continued attention of the council and the management.

(2) The provisions of section 42(4) apply with the changes required by the context in instances of non-compliance by the council with the directive contemplated in subsection (1).

(3) Behoudens hierdie Wet, die institusionele statute en die reëls van die betrokke inrigting vir hoër onderwys, moet werknemers en studente van die betrokke inrigting vir hoër onderwys aan die administrateur se instruksies voldoen.

**Aanstelling van administrateur by bedanking van raad**

**49G.** (1) Indien 'n raad geag word ingevolge artikel 27(8) te bedank het, moet die Minister 'n persoon vir 'n tydperk van hoogstens ses maande as 'n administrateur namens die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys aanstel om—

*(a)* die rol, bevoegdhede, werksaamhede en pligte van die raad oor te neem;
*(b)* die raad se rol te vervul, bevoegdhede uit te oefen, werksaamhede en pligte te verrig tot die mate wat sodanige rol, bevoegdhede, werksaamhede en pligte met beheer verband hou; en
*(c)* te verseker dat 'n nuwe raad ooreenkomstig die institusionele statute van die betrokke inrigting saamgestel word binne 'n tydperk van hoogstens ses maande na sy of haar aanstelling.

(2) By die toepassing van subartikel (1), is artikel 49C met die veranderinge deur die samehang vereis van toepassing.

**Beëindiging van ampstermyn van administrateur**

**49H.** (1) Die ampstermyn van 'n administrateur word beëindig in die geval van—

*(a)* die grondwet van die raad van die inrigting vir hoër onderwys ooreenkomstig die institusionele statute van die betrokke inrigting vir hoër onderwys;
*(b)* die verstryking van die ampstermyn;
*(c)* sterfte of onbevoegdheid;
*(d)* bedanking; of
*(e)* ontheffing van amp deur die Minister.

(2) Die besluit in subartikel (1)*(e)* beoog, moet met inagneming van die bepalings van PAJA geneem word.

(3) In gevalle waar die ampstermyn van 'n administrateur ooreenkomstig subartikel (1)*(b)* tot *(e)* beëindig word, kan die Minister na oorleg met die hoof van die betrokke inrigting vir hoër onderwys 'n nuwe administrateur vir die res van die ampstermyn van die vorige ampsbekleër aanstel.

(4) Artikels 49BA, 49D, 49F en 49G, met die veranderinge deur die samehang vereis, is van toepassing op 'n aanstelling gemaak soos in subartikel (3) beoog.

**Lasgewing aan raad deur administrateur aangestel**

**49I.** (1) Die Minister kan, na inagneming van die administrateur se verslag—

*(a)* nadat 'n administrateur se ampstermyn beëindig is soos in artikel 49H(1)*(a)* beoog;
*(b)* binne die ampstermyn van die eerste raad van die betrokke inrigting vir hoër onderwys deur die administrateur aangestel; en
*(c)* na oorleg met daardie raad,

'n lasgewing aan die raad uitreik om die stappe deur die Minister gespesifiseer te doen indien die Minister redelike gronde het om te glo dat sekere aangeleenthede in verband met die doeltreffende en doelmatige werking van die inrigting en die uitvoer van sy mandaat spesifieke of voortgesette aandag van die raad en die bestuur vereis.

(2) Die bepalings van artikel 42(4) is van toepassing met die veranderinge deur die samehang vereis in gevalle waar die raad versuim om aan die lasgewing in subartikel (1) beoog, te voldoen.

**Indemnification of administrator**

**49J.** Section 49A, with the changes required by the context, applies to an Administrator appointed in terms of section 49B or 49G.".

**Insertion of Chapter 6A in Act 101 of 1997**

**29.** The following heading and sections are hereby inserted after section 49J in the principal Act.

"**CHAPTER 6A**

**NATIONAL INSTITUTES FOR HIGHER EDUCATION**

**Establishment of national institute for higher education**

**49K.** (1) The Minister may, after consultation with the CHE and the public higher education institutions affected by the establishment, establish a national institute for higher education as a juristic person with a specific scope of application.

(2) The Minister must prescribe particulars of the establishment of the national institute for higher education, its board and its specific scope of application by notice in the *Gazette*.

**Functions of national institute for higher education**

**49L.** (1) The functions of a national institute for higher education relate to its specific scope of application and may include one or more of the following—

*(a)* to provide services to higher education within its specific scope of application;
*(b)* to advance learning within its specific scope or application by ensuring collaboration and co-ordination of the work of higher education institutions and other national institutes for higher education; and
*(c)* to advise the Minister on matters relating to its specific scope of application, or to higher education generally.

(2) Subject to subsection (1) and the provisions of section 49K, the Minister must prescribe the functions of each national institute for higher education by notice in the *Gazette*.

**Governance, composition of board and committees**

**49M.** (1) A national institute of higher education is governed by a board.

(2) The board of a national institute for higher education consists of—

*(a)* a chairperson; and
*(b)* not more than 10 ordinary members.

(3) The majority of members contemplated in subsection (1) must have specific knowledge and experience in—

*(a)* higher education generally; and
*(b)* the scope of application of the specific institute established in terms of section 49K(1), specifically.

(4) The board may co-opt persons to the board, for a period not exceeding the term of office of the board and these co-opted persons have no voting rights.

(5) The chairperson and members contemplated in subsection (2) are appointed by the Minister from nominations received in the manner prescribed for that national institute for higher education and must, as far as is practically possible, be representative of the higher education institutions affected by the establishment of the specific national institute.

**Vrywaring van administrateur**

**49J.** Artikel 49A, met die veranderinge deur die samehang vereis, is van toepassing op 'n administrateur ingevolge artikel 49B of 49G aangestel.''.

**Invoeging van Hoofstuk 6A in Hoofstuk 101 van 1997**

**29.** Die volgende opskrif en artikels word hierby na artikel 49J in die Hoofwet ingevoeg:

**''HOOFSTUK 6A**

**NASIONALE INRIGTINGS VIR HOËR ONDERWYS**

**Instelling van nasionale inrigting vir hoër onderwys**

**49K.** (1) Die Minister kan, na oorleg met die RHO en die openbare inrigtings vir hoër onderwys geraak deur die instelling, 'n nasionale inrigting vir hoër onderwys as 'n regspersoon met 'n bepaalde bestek en toepassing, instel.

(2) Die Minister moet besonderhede van die instelling van die nasionale inrigting vir hoër onderwys, sy raad en sy bepaalde bestek en toepassing, by kennisgewing in die *Staatskoerant* voorskryf.

**Werksaamhede van nasionale instelling vir hoër onderwys**

**49L.** (1) Die werksaamhede van 'n nasionale inrigting vir hoër onderwys hou verband met sy bepaalde bestek en toepassing en kan een of meer van die volgende insluit—

*(a)* om dienste aan hoër onderwys te verskaf binne sy bepaalde bestek of toepassing;

*(b)* om leer in sy bepaalde bestek of toepassing te bevorder deur samewerking en koördinasie van die werk van inrigtings vir hoër onderwys en ander nasionale instellings vir hoër onderwys te verseker; en

*(c)* om die Minister van raad te bedien oor aangeleenthede wat verband hou met sy bepaalde bestek of toepassing, of op hoër onderwys oor die algemeen.

(2) Behoudens subartikel (1) en die bepalings van artikel 49K, moet die Minister die werksaamhede van elke nasionale inrigting vir hoër onderwys by kennisgewing in die *Staatskoerant* voorskryf.

**Beheer, samestelling van raad en komitees**

**49M.** (1) 'n Nasionale inrigting vir hoër onderwys word deur 'n raad beheer.

(2) Die raad van 'n nasionale inrigting vir hoër onderwys bestaan uit—

*(a)* 'n voorsitter; en

*(b)* hoogstens 10 gewone lede.

(3) Die meerderheid lede in subartikel (1) beoog, moet bepaalde kennis en ervaring hê—

*(a)* in hoër onderwys, oor die algemeen; en

*(b)* in die bestek en toepassing van die bepaalde inrigting ingevolge artikel 49K(1), spesifiek, ingestel.

(4) Die raad kan persone tot die raad koöpteer, vir 'n tydperk van nie meer nie as die termyn van die raad en hierdie gekoöpteerde lede het geen stemregte nie.

(5) Die voorsitter en lede in subartikel (2) beoog, word deur die Minister aangestel uit benoemings ontvang op die wyse vir daardie nasionale inrigting vir hoër onderwys voorgeskryf en moet, waar prakties moontlik, verteenwoordigend wees van die inrigtings vir hoër onderwys wat deur die instelling van die bepaalde nasionale inrigting geraak word.

(6) The board—

*(a)* must establish—

(i) an executive committee;

(ii) an audit and risk committee;

(iii) a human resources and remuneration committee; and

(iv) any other committee prescribed by the Minister; and

*(b)* may establish any other committee.

(7) The composition, manner of election, functions, procedure at meetings and the dissolution of committees of the board are determined by the institutional rules and policies of the board and the principles of good governance.

**Term of office of chairperson and members**

**49N.** The chairperson and a member of the board hold office for a period of four years and may only serve a maximum of two consecutive terms.

**Vacation of office**

**49O.** (1) A person ceases to be a member of the board if he or she—

*(a)* resigns by giving written notice to the chairperson or, in the case of the chairperson, to the Minister;

*(b)* is absent from three consecutive meetings of the board without the leave of the chairperson;

*(c)* is declared insolvent;

*(d)* is removed from an office of trust by a court of law;

*(e)* is convicted of an offence involving dishonesty or an offence for which the sentence is imprisonment without the option of a fine;

*(f)* is declared unfit to attend to his or her personal affairs by a court of law; or

*(g)* is removed from office by means of a resolution passed by at least two-thirds of the total number of serving members of the board present at the meeting on account of misconduct, incapacity to carry out his or her official functions, or on account of any other reason recognised by law.

(2) Removal of a member of the board from office is subject to the processes and procedures prescribed by notice in section 49K(2) in the *Gazette*, the institutional rules and or legal prescripts in general.

(3) Without limiting the generality of subsection (2), the resolution of the board contemplated in subsection (1)*(g)* may not be passed without prior notice to the member of the board concerned of the pending motion for his or her removal and the reasons therefore, and providing him or her with a reasonable opportunity to obtain assistance, to appear in person, and to present his or her case.

**Filling of vacancies**

**49P.** (1) In the event of a vacancy occurring in the board, such vacancy is filled by the Minister in terms of section 49M(5).

(2) Any person appointed to fill a vacancy holds office for the unexpired portion of the vacating member's term.

**Delegations**

**49Q.** (1) The board may delegate any of its functions under this Act to any committee of the board or person employed by the board and may at any time revoke such delegation.

(2) A delegation by the board must be in writing and is subject to such conditions as the board may impose.

(6) Die raad—

*(a)* moet—

(i) 'n uitvoerende komitee;

(ii) 'n oudit- en risikokomitee;

(iii) mensehulpbronne en besoldigingskomitee; en

(iv) enige ander komitee deur die Minister voorgeskryf,

instel; en

*(b)* kan enige ander komitee instel.

(7) Die samestelling, wyse van verkiesing, werksaamhede, prosedure by vergaderings en die ontbinding van die raad se komitees word deur die inrigting se reëls en beleid en die beginsels van goeie beheer, bepaal.

**Ampstermyn van voorsitter en lede**

**49N.** Die voorsitter en 'n lid van die raad beklee 'n amp vir vier jaar en mag hoogstens twee opeenvolgende termyne dien.

**Ontruiming van amp**

**49O.** (1) 'n Persoon hou op om 'n lid van die raad te wees indien hy of sy—

*(a)* bedank deur skriftelik kennis aan die voorsitter, of in die geval van die voorsitter, aan die Minister, te gee;

*(b)* sonder die voorsitter se toestemming van drie opeenvolgende vergaderings van die raad afwesig is;

*(c)* insolvent verklaar word;

*(d)* deur 'n geregshof uit 'n vertrouensamp onthef word;

*(e)* skuldig bevind word aan 'n misdryf wat oneerlikheid behels of 'n misdryf waarvoor die vonnis gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete is;

*(f)* deur 'n geregshof verklaar word onbevoeg te wees om na sy of haar persoonlike sake om te sien; of

*(g)* weens wangedrag, onbevoegdheid om sy of haar amptelike werksaamhede te verrig, of weens enige rede wat by wet erken word, uit die amp verwyder word by wyse van 'n besluit deurgevoer deur ten minste twee derdes van die totale getal dienende lede van die raad teenwoordig by die vergadering.

(2) Die verwydering van 'n lid van die raad uit 'n amp is aan die prosesse en prosedures by kennisgewing beoog in artikel 49K(2) in die *Staatskoerant* voorgeskryf, die institusionele reëls en of regsvoorskrifte oor die algemeen, onderhewig.

(3) Sonder om die algemeenheid van subparagraaf (2) te beperk, mag die besluit van die raad beoog in subparagraaf (1)*(g)*, nie deurgevoer word sonder vooraf kennisgewing aan die betrokke lid van die raad van die hangende mosie vir sy of haar verwydering en die redes daarvoor nie, en sonder dat hy of sy 'n redelike geleentheid gegun is om bystand te verkry, om persoonlik te verskyn, en om sy of haar saak te stel nie.

**Vul van vakatures**

**49P.** (1) Indien 'n vakature op die raad ontstaan, word sodanige vakature ingevolge artikel 49M(5) deur die Minister gevul.

(2) Iemand wat aangestel word om 'n vakature te vul, beklee die amp vir die onverstreke gedeelte van die vorige lid se termyn.

**Delegering**

**49Q.** (1) Die raad kan enige van sy werksaamhede kragtens hierdie Wet delegeer aan enige komitee van die raad of persoon in diens van die raad en kan so 'n delegering te eniger tyd herroep.

(2) 'n Delegering deur die raad moet skriftelik wees en is onderhewig aan sodanige voorwaardes wat die raad kan oplê.

(3) The board is not divested of responsibility for the performance of any function delegated or assigned to a committee or an employee under subsection (1) and is, despite any delegation, not prevented from performing the function itself.

**Staff and conditions of service**

**49R.** (1) The board may appoint a chief executive officer and other staff required to manage and administer the national institute for higher education in accordance with the institutional rules and procedures developed and approved by the board of the national institute on such conditions as it may determine.

(2) The national institute for higher education must out of its own funds pay to its employees such remuneration, allowances and other benefits as the board may determine.

**Funds of national institute for higher education**

**49S.** (1) The Minister must, after consultation with the CHE and with the approval of the Minister of Finance, determine the policy on the funding of national institutes for higher education and publish such policy by notice in the *Gazette*.

(2) The Minister must, subject to the policy determined in terms of subsection (1), allocate public funds to national institutes of higher education on a fair and transparent basis.

(3) The Minister may, subject to the policy determined in terms of subsection (1), impose—

*(a)* any reasonable condition in respect of an allocation contemplated in subsection (2); and
*(b)* different conditions in respect of different national institutes of higher education, if there is a reasonable basis for such differentiation.

(4) The funds of a national institute for higher education consist of—

*(a)* money appropriated by Parliament;
*(b)* donations or contributions;
*(c)* money raised by the institute; and
*(d)* any other income.

(5) The board—

*(a)* must keep a record of all—
  (i) funds received and spent;
  (ii) assets and liabilities; and
  (iii) financial transactions;
*(b)* must, once in each financial year, submit to the Minister, at the time and in the manner which the Minister may determine, a statement of estimated income and expenditure for the ensuing financial year for approval by the Minister and the Minister of Finance;
*(c)* may in any financial year submit an adjusted statement of its estimated income and expenditure to the Minister for approval by the Minister and the Minister of Finance; and
*(d)* may not incur any expenses which exceed the total amount approved in terms of paragraph *(b)* or *(c)*, as the case may be.

(6) If the Minister does not approve of the board's statement of estimated income and expenditure or adjusted statement of estimated income and expenditure contemplated in subsection (5)*(b)* or *(c)*, as the case may be—

*(a)* the Minister must—
  (i) inform the board in writing of the fact that the statement concerned was not approved; and
  (ii) indicate in writing a time period in which the board must submit a revised statement of estimated income and expenditure, which period may not be less than 30 calendar days;
*(b)* the board must submit a revised statement of estimated income and expenditure to the Minister within the specified period; and

(3) Die raad word nie ontdoen van sy verantwoordelikheid vir die verrigting van enige werksaamheid gedelegeer of toegewys aan 'n komitee of 'n werknemer kragtens subartikel (1) nie en word, ondanks enige delegering, nie daarvan weerhou om die werksaamheid self te verrig nie.

**Personeel en diensvoorwaardes**

**49R.** (1) Die raad kan 'n hoof uitvoerende beampte en ander personeel aanstel wat nodig is om die nasionale inrigting vir hoër onderwys te administreer ooreenkomstig die institusionele reëls en prosedures wat deur die raad van die nasionale inrigting vir hoër onderwys ontwikkel en goedgekeur is, op sodanige voorwaardes wat hy kan bepaal.

(2) Die nasionale inrigting vir hoër onderwys moet sy werknemers uit sy eie fondse sodanige besoldiging, toelaes en ander voordele betaal wat die raad kan bepaal.

**Fondse van nasionale inrigting vir hoër onderwys**

**49S.** (1) Die Minister moet, na oorleg met die RHO en met die goedkeuring van die Minister van Finansies, die beleid oor die finansiering van nasionale instellings vir hoër onderwys bepaal en sodanige beleid by kennisgewing in die *Staatskoerant* publiseer.

(2) Die Minister moet, behoudens die beleid ingevolge subartikel (1) bepaal, publieke fondse op 'n regverdige en deursigtige grondslag aan nasionale inrigtings vir hoër onderwys toeken.

(3) Die Minister kan, behoudens die beleid ingevolge subartikel (1) bepaal—

*(a)* enige redelike voorwaarde ten opsigte van 'n toewysing in subartikel (2) beoog, oplê; en
*(b)* verskillende voorwaardes ten opsigte van verskillende nasionale instellings vir hoër onderwys oplê indien daar 'n redelike grondslag vir sodanige onderskeid is.

(4) Die fondse van 'n nasionale inrigting vir hoër onderwys bestaan uit—

*(a)* geld deur die Parlement bewillig;
*(b)* donasies of bydraes;
*(c)* geld deur die inrigting ingesamel; en
*(d)* enige ander inkomste.

(5) Die raad—

*(a)* moet 'n rekord hou van alle—
  (i) fondse ontvang en spandeer;
  (ii) bates en laste; en
  (iii) finansiële transaksies;
*(b)* moet, een keer in elke finansiële jaar, wanneer en hoe die Minister bepaal, 'n staat van geraamde inkomste en uitgawes vir die finansiële jaar aan die Minister voorlê vir goedkeuring deur die Minister en die Minister van Finansies;
*(c)* kan in enige finansiële jaar 'n aangepaste staat van sy geraamde inkomste en uitgawes aan die Minister voorlê vir goedkeuring deur die Minister en die Minister van Finansies; en
*(d)* mag geen uitgawes aangaan wat die totale bedrag ingevolge subparagrawe *(b)* of *(c)*, na gelang van die geval, oorskry nie.

(6) As die Minister nie die raad se staat van geraamde inkomste en uitgawes beoog in subartikels (5)*(b)* of *(c)*, na gelang van die geval, goedkeur nie—

*(a)* moet die Minister—
  (i) die raad skriftelik verwittig van die feit dat die betrokke staat nie goedgekeur is nie; en
  (ii) 'n tydperk skriftelik aandui waarin die raad 'n hersiene staat van inkomste en uitgawes moet voorlê, welke tydperk nie minder as 30 kalenderdae mag wees nie;
*(b)* moet die raad binne die bepaalde tydperk 'n hersiene staat van inkomste en uitgawes aan die Minister voorlê; en

*(c)* the Minister must consider the revised statement of estimated income and expenditure for approval as contemplated in subsection (5)*(c)*.

(7) *(a)* The funds contemplated in subsection (4) must be used in accordance with the approved statement referred to in subsection (5) or (6), as the case may be.

*(b)* Any funds not utilised within a specific financial year must be carried over as a credit to the following financial year.

(8) Subject to subsection (7), the board may invest any portion of its funds in such manner as the Minister and the Minister of Finance may approve.

**Annual audit**

**49T.** The Auditor-General must—

*(a)* audit the books of account and financial statements of every national institute for higher education; and

*(b)* submit a separate audit report to the Minister for each national institute for higher education within three months of receipt of the financial statements from the national institute for higher education concerned.

**Annual report**

**49U.** (1) The board must, within three months after the end of each financial year, submit a report to the Minister which includes a financial statement on the performance of its functions during the preceding financial year.

(2) The annual report contemplated in subsection (1) must—

*(a)* fairly present the financial state of affairs of the national institute for higher education;

*(b)* fairly present its activities and other business;

*(c)* fairly present its financial results and financial position at year end;

*(d)* fairly present its performance against predetermined objectives;

*(e)* contain the report drafted by the audit committee contemplated in section 49L(6)*(a)*(ii) and approved by the board; and

*(f)* contain any other information that may be prescribed by the Minister from time to time.

**Ministerial interventions**

**49V.** The provisions of sections 42 to 49J apply to national institutes of higher education with the changes required by the context.

**Disestablishment of national institute for higher education**

**49W.** (1) In the event that the functions of a national institute for higher education, as contemplated in section 49L, have become obsolete or, in the view of the Minister, could be performed effectively and efficiently otherwise, the Minister may, after consultation with the CHE and by notice in the *Gazette*, disestablish any national institute for higher education.

(2) Before making a decision under subsection (1), the Minister must—

*(a)* give notice to the board of the national institute for higher education concerned of the intention to disestablish such national institute for higher education;

*(b)* provide the board with the reasons for the disestablishment;

*(c)* give the board a reasonable opportunity to make representations; and

*(d)* consider the representations contemplated in paragraph *(c)*.

(3) In the event that a national institute for higher education is disestablished in accordance with subsection (1), all assets and liabilities of such national institute for higher education must be dealt with by the Minister according to law and any assets remaining after payment of all liabilities vest in the Minister.

39

*(c)* moet die Minister die hersiene staat van geraamde inkomste en uitgawes vir goedkeuring oorweeg soos in subartikel (5)*(c)* beoog.

(7) *(a)* Die fondse in subartikel (4) beoog, moet ooreenkomstig die goedgekeurde staat in subartikel (5) of (6) beoog, na gelang van die geval, aangewend word.

*(b)* Enige fondse wat nie binne die bepaalde finansiële jaar benut word nie, moet as 'n krediet na die volgende finansiële jaar oorgedra word.

(8) Behoudens subartikel (7), kan die raad enige gedeelte van sy fondse belê op 'n wyse wat die Minister en die Minister van Finansies goedkeur.

**Jaarlikse oudit**

**49T.** Die Ouditeur-generaal moet—

*(a)* die rekeningboeke en finansiële state van elke nasionale inrigting vir hoër onderwys ouditeer; en

*(b)* 'n aparte ouditverslag aan die Minister voorlê vir elke nasionale inrigting vir nasionale onderwys binne drie maande vanaf ontvangs van die finansiële state van die betrokke nasionale inrigting vir hoër onderwys.

**Jaarverslag**

**49U.** (1) Die raad moet, binne drie maande na die einde van elke finansiële jaar, 'n verslag aan die Minister voorlê wat 'n finansiële staat oor die verrigting van sy werksaamhede gedurende die voorafgaande finansiële jaar insluit.

(2) Die jaarverslag in subartikel (1) beoog, moet—

*(a)* die finansiële toedrag van sake van die nasionale inrigting vir hoër onderwys billik voorlê;

*(b)* sy aktiwiteite en ander sake billik voorlê;

*(c)* sy finansiële resultate en finansiële posisie teen jaareinde billik voorlê;

*(d)* sy prestasie teenoor voorafbepaalde oogmerke billik voorlê;

*(e)* die verslag deur die ouditkomitee in artikel 49L(6)*(a)*(ii) beoog, opgestel en deur die raad goedgekeur, insluit; en

*(f)* enige ander inligting insluit wat van tyd tot tyd deur die Minister bepaal kan word.

**Ministeriële ingrypings**

**49V.** Die bepalings van artikels 42 tot 49J is van toepassing op nasionale inrigtings vir hoër onderwys met die veranderings deur die samehang vereis.

**Afstigting van nasionale inrigting vir hoër onderwys**

**49W.** (1) Indien die werksaamhede van 'n nasionale inrigting vir hoër onderwys, soos in artikel 49L beoog, uitgediend geword het of, na oordeel van die Minister, andersins doeltreffend en doelmatig verrig kan word, kan die Minister, na oorleg met die RHO en by kennisgewing in die *Staatskoerant*, enige nasionale inrigting vir hoër onderwys afstig.

(2) Voor die neem van 'n besluit kragtens subartikel (1), moet die Minister—

*(a)* die raad van die betrokke nasionale inrigting vir hoër onderwys kennis gee van die voorneme om sodanige nasionale inrigting vir hoër onderwys af te stig;

*(b)* die raad voorsien van die redes vir die afstigting;

*(c)* die raad redelike geleentheid gun om vertoë te rig; en

*(d)* die vertoë beoog in paragraaf *(c)* oorweeg.

(3) Indien 'n nasionale inrigting vir hoër onderwys ooreenkomstig subartikel (1) afgestig word, moet alle bates en laste van sodanige nasionale inrigting vir hoër onderwys volgens wet deur die Minister hanteer word en enige bates wat oorbly nadat alle laste betaal is, vestig in die Minister.

(4) The Minister may appoint a person on the terms of reference specified by the Minister to administer the closure of the national institute concerned.".

**Amendment of section 50 of Act 101 of 1997, as amended by section 7 of Act 55 of 1999**

**30.** Section 50 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The Director-General is—
*(a)* the registrar for; and
*(b)* responsible for registering,
private higher education institutions in terms of section 53 as contemplated in section 29 of the Constitution.".

**Amendment of section 51 of Act 101 of 1997, as amended by section 6 of Act 54 of 2000 and section 2 of Act 26 of 2010**

**31.** Section 51 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the heading of the following heading:
"**Authority to provide higher education**";
*(b)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:
"(1) No local juristic person or foreign juristic person other than a public higher education institution or an organ of state may provide higher education unless that person is—
*(a)* in the prescribed manner, registered or conditionally registered as a private higher education institution in terms of this Act; and
*(b)* registered or recognised as a juristic person in terms of the Companies Act, **[1973 (Act No. 61 of 1973)]** 2008 (Act No. 17 of 2008), before such person is registered or conditionally registered in accordance with paragraph *(a)*." ; and
*(c)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:
"(2) If the person contemplated in subsection (1) is a foreign juristic person, that person must ensure that any qualification or part-qualification offered within the Republic is registered on the **[sub-framework]** sub-frameworks for higher education and trades and occupations on the National Qualifications Framework contemplated in section 7*(b)* and (c) read with section 13(1)*(h)* of the National Qualifications Framework Act.".

**Amendment of section 53 of Act 101 of 1997, as amended by section 7 of Act 54 of 2000, substituted by section 16 of Act 23 of 2001 and section 5 of Act 39 of 2008**

**32.** Section 53 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the heading of the following heading:
"**Requirements for registration of private higher education institutions**"; and
*(b)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(b)* of the following paragraph:
"*(b)* is able to provide higher education that will—
(i) maintain acceptable standards that are not inferior to standards at a comparable public higher education institution; and
(ii) comply with the requirements of the CHE.".

**Amendment of section 54 of Act 101 of 1997, as substituted by section 8 of Act 54 of 2000**

**33.** Section 54 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (7) of the following subsection:
"(7) No independent school as defined in the South African Schools Act, 1996 (Act No. 84 of 1996), and no other private education

(4) Die Minister kan 'n persoon aanstel met die opdrag deur die Minister bepaal om die sluiting van die betrokke nasionale inrigting vir hoër onderwys te administreer.''.

**Wysiging van artikel 50 van Wet 101 van 1997, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 55 van 1999**

**30.** Artikel 50 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) Die Direkteur-generaal is—

*(a)* die registrateur vir; en

*(b)* verantwoordelik vir die registrasie van,

private inrigtings vir hoër onderwys ingevolge artikel 53 soos beoog in artikel 29 van die Grondwet.''.

**Wysiging van artikel 51 van Wet 101 van 1997, soos gewysig deur artikel 6 van Wet 54 van 2000 en artikel 2 van Wet 26 van 2010**

**31.** Artikel 51 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

''**Magtiging om hoër onderwys aan te bied**'';

*(b)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) Geen **[persoon]** plaaslike regspersoon of buitelandse regspersoon behalwe 'n openbare inrigting vir hoër onderwys of 'n staatsorgaan, mag hoër onderwys aanbied nie tensy daardie persoon—

*(a)* op die voorgeskrewe wyse geregistreer of voorwaardelik geregistreer is as 'n private inrigting vir hoër onderwys ingevolge hierdie Wet; en

*(b)* as 'n regspersoon ingevolge die Maatskappywet, **[1973 (Wet No. 61 van 1973)]** 2008 (Wet No. 17 van 2008), geregistreer of erken is voordat sodanige persoon geregistreer of voorwaardelik geregistreer word ooreenkomstig paragraaf *(a)*.''; en

*(c)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

''(2) Indien die persoon in subartikel (1) beoog 'n buitelandse regspersoon is, moet daardie persoon toesien dat enige kwalifikasie of gedeeltelike kwalifikasie wat binne die Republiek aangebied word, geregistreer is op die **[sub-raamwerk]** sub-raamwerke vir hoër onderwys en bedrywe en beroepe op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk beoog in artikel 7 (*b*) en *(c)* gelees met artikel 13(1)(*h*) van die 'National Qualifications Framework Act'.''.

**Wysiging van artikel 53 van Wet 101 van 1997, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 54 van 2000, vervang deur artikel 16 van Wet 23 van 2001 en artikel 5 van Wet 39 van 2008**

**32.** Artikel 53 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

''**Vereistes vir registrasie vir private inrigtings vir hoër onderwys**''; en

*(b)* deur in subartikel (1) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(b)* in staat is om hoër onderwys aan te bied wat—

(i) aanvaarbare standaarde sal handhaaf wat nie ondergeskik is aan standaarde by 'n vergelykbare openbare inrigting vir hoër onderwys nie; en

(ii) aan die vereistes van die RHO voldoen.''.

**Wysiging van artikel 54 van Wet 101 van 1997, soos vervang deur artikel 8 van Wet 54 van 2000**

**33.** Artikel 54 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

''(7) Geen onafhanklike skool soos in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996), omskryf en geen ander private inrigting vir

institution may call itself a university, university college or higher education college, or use such wording in its name, unless it is registered—

*(a)* in terms of Chapter 7; and

*(b)* in the particular category of institutions which, in accordance with the Regulations, may call themselves universities, university colleges or higher education colleges, as the case may be.''; and

*(b)* by the addition of the following subsection:

''(8) Only a private higher education institution registered as a university or university college in accordance with subsection (7)*(b)* may confer a professorship or an honorary degree, or use the title of chancellor and vice-chancellor for its titular head and its principal, respectively.''.

**Amendment of section 57 of Act 101 of 1997**

**34.** Section 57 of the principal Act is hereby amended by the substitution in paragraph *(b)* of subsection (1) for the words preceding subparagraph (i) of the following words:

''*(b)* prepare financial statements within **[three]** six months of the end of the financial year, including at least—''.

**Insertion of section 65AB in Act 101 of 1997**

**35.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 65A:

''**Change of type and scope of higher education institution**

**65AB.** (1) The Minister may, at the request of the council of the institution concerned, after consultation with the CHE, by notice in the *Gazette*, change the type of a higher education institution concerned or amend or remove any restrictions on the scope and operations of a public higher education institution contemplated in sections 3(1) and 20(4).

(2) The Minister must, before acting under subsection (1), comply with the provisions of section 23(2), with the changes required by the context.

(3) The provisions of subsections (1) and (2) shall apply to registered private higher education institutions, subject to the necessary changes required by the context.''.

**Amendment of section 65B of Act 101 of 1997, as substituted by section 24 of Act 23 of 2001**

**36.** Section 65B of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

''(3) The provisions of subsections (1) and (2) shall apply to registered private higher education institutions, subject to the necessary changes required by the context.''.

**Insertion of section 65BA in Act 101 of 1997**

**37.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 65B:

''**Withdrawal and revocation of degree, diploma, certificate or other qualification**

**65BA.** (1) Subject to the provisions of subsection (2), the council of a public higher education institution may, in consultation with the senate, withdraw and revoke any degree, diploma, certificate or other qualification that was awarded—

*(a)* on the basis of a material error on the part of the public higher education institution concerned: Provided that such withdrawal and revocation may only take place within a period not exceeding two years after the conferment concerned; or

hoër onderwys, mag homself 'n universiteit, universiteitskollege of kollege vir hoër onderwys noem of sodanige bewoording in sy naam gebruik nie, tensy hy geregistreer is—

*(a)* ingevolge Hoofstuk 7; en

*(b)* in die bepaalde kategorie van instellings val wat, ooreenkomstig die Regulasies, hulself universiteite, universiteitskolleges of inrigtings vir hoër onderwys, na gelang van die geval, mag noem.''; en

*(b)* deur die volgende subartikel by te voeg:

''(8) Slegs 'n private inrigting vir hoër onderwys ooreenkomstig subartikel (7)*(b)* as universiteit of universiteitskollege geregistreer, kan 'n professoraat of 'n eregraad toeken, of die titel van kanselier en vise-kanselier onderskeidelik vir sy titulêre hoof en sy hoof gebruik.''.

**Wysiging van artikel 57 van Wet 101 van 1997**

**34.** Artikel 57 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in paragraaf *(b)* van subartikel (1) die woorde wat subparagraaf (i) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''*(b)* binne **[drie]** ses maande na die einde van die finansiële jaar finansiële state opstel, met inbegrip van ten minste—''.

**Invoeging van artikel 65AB in Wet 101 van 1997**

**35.** Die volgende artikel word hierby na artikel 65A in die Hoofwet ingevoeg:

''**Verandering van tipe en bestek van inrigting vir hoër onderwys**

**65AB.** (1) Die Minister kan, op versoek van die betrokke inrigting se raad, na oorleg met die RHO, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, die tipe van 'n betrokke inrigting vir hoër onderwys verander of enige beperkings op die bestek en bedrywighede van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys in artikels 3(1) en 20(4) beoog, wysig of verwyder.

(2) Die Minister moet, voor kragtens subartikel (1) opgetree word, aan die bepalings van artikel 23(2), met die veranderinge deur samehang vereis, voldoen.

(3) Die bepalings van subartikels (1) en (2) is van toepassing op geregistreerde private inrigtings vir hoër onderwys, behoudens die nodige veranderinge deur die samehang vereis.''.

**Wysiging van artikel 65B van Wet 101 van 1997, soos vervang deur artikel 24 van Wet 23 van 2001**

**36.** Artikel 65B van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

''(3) Die bepalings van subartikels (1) en (2) is van toepassing op geregistreerde private inrigtings vir hoër onderwys, behoudens die nodige veranderinge deur die samehang vereis.''.

**Invoeging van artikel 65BA in Wet 101 van 1997**

**37.** Die volgende artikel word hierby na artikel 65B in die Hoofwet ingevoeg:

''**Intrekking en terugtrekking van graad, diploma, sertifikaat of ander kwalifikasie**

**65BA.** (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2), kan die raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys, in oorleg met die senaat, enige diploma, sertifikaat of ander kwalifikasie intrek en terugtrek wat toegeken is—

*(a)* op grond van 'n wesenlike fout aan die kant van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys: Met dien verstande dat sodanige intrekking en terugtrekking slegs binne 'n tydperk van hoogstens twee jaar na die betrokke verlening kan geskied; of

*(b)* as a result of a fraudulent or dishonest act in connection with the obtaining of such degree, diploma, certificate or other qualification.

(2) *(a)* Prior to the council of a public higher education institution withdrawing and revoking the conferment of a degree, diploma, certificate or other qualification, the council must—

(i) notify the recipient of the qualification concerned that a revocation and withdrawal is being considered;

(ii) provide the recipient with relevant information justifying the intended action;

(iii) provide the recipient with an opportunity to obtain assistance and to present his or her case; and

(iv) consider the submissions and representations of the recipient.

*(b)* In the event that the withdrawal and revocation relates to circumstances contemplated in subsection (1)*(b)*, the higher education institution must report the matter for criminal investigation as contemplated in section 66(2).

(3) The provisions of subsections (1) and (2) shall apply to registered private higher education institutions, subject to the necessary changes required by the context.

(4) In the event that any degree, diploma, certificate or other qualification that was awarded, is withdrawn or revoked, the relevant Quality Council responsible for the qualification or part-qualification and SAQA must be informed so as to amend the National Learner Record Database, if necessary.''.

**Amendment of section 65D of Act 101 of 1997, as inserted by section 24 of Act 23 of 2001**

**38.** Section 65D of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) No person may offer, award or confer a degree, or a higher education diploma or a higher education certificate, provided for on the **[HEQF]** HEQSF unless such degree, diploma or certificate is registered on the sub-framework for higher education on the National Qualifications Framework contemplated in section 7*(b)* read with section 13(1)*(h)* of the National Qualifications Framework Act.'' and

*(b)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

''(2) Any public higher education institution identified by the Minister in accordance with policy determined under section 3, must offer an education programme or trade and occupational learning programme that leads to a qualification or part-qualification on the sub-framework for trades and occupations contemplated in section 7*(c)* of the National Qualifications Framework Act and in compliance with any condition set by the Minister.''.

**Amendment of section 66 of Act 101 of 1997, as substituted by section 10 of Act 54 of 2000**

**39.** Section 66 of the principal Act is hereby amended by the insertion after subsection (1) of the following subsection:

''(1A) Any person contravening the provisions of section 51 or 65D is guilty of an offence and is liable on conviction to a sentence which may be imposed for fraud.''.

**Amendment of section 68 of Act 101 of 1997, as amended by section 9 of Act 55 of 1999 and substituted by section 11 of Act 54 of 2000**

**40.** Section 68 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(c)* of the following paragraph:

''*(c)* the board of a national institute for higher education;''; and

*(b)* as gevolg van 'n bedrieglike of oneerlike handeling in verband met die verkryging van sodanige graad, diploma, sertifikaat of ander kwalifikasie.

(2) *(a)* Voordat die raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys die verlening van 'n graad, diploma, sertifikaat of ander kwalifikasie intrek of terugtrek, moet die raad—

(i) die ontvanger van die betrokke kwalifikasie in kennis stel dat 'n intrekking en terugtrekking oorweeg word;

(ii) die ontvanger voorsien van tersaaklike inligting wat die voorgenome handeling regverdig;

(iii) die ontvanger 'n geleentheid gun om bystand te verkry en om sy of haar saak te stel; en

(iv) die voorleggings en vertoë van die ontvanger oorweeg.

*(b)* Indien die intrekking en terugtrekking verband hou met omstandighede in subartikel (1)*(b)* beoog, moet die inrigting vir hoër onderwys die aangeleentheid aanmeld vir strafregtelike ondersoek soos in artikel 66(2) beoog.

(3) Die bepalings van subartikels (1) en (2) is van toepassing op geregistreerde private inrigtings vir hoër onderwys, behoudens die nodige veranderinge deur die samehang vereis.

(4) Indien enige graad, diploma, sertifikaat of ander kwalifikasie wat toegestaan is, ingetrek of teruggetrek word, moet die tersaaklike Gehalteraad verantwoordelik vir die kwalifikasie of gedeeltelike kwalifikasie en SAQA verwittig word ten einde die nasionale databasis van leerders by te werk, indien nodig.".

**Wysiging van artikel 65D van Wet 101 van 1997, soos ingevoeg deur artikel 24 van Wet 23 van 2001**

**38.** Artikel 65D van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Geen persoon kan 'n graad, 'n hoër onderwysdiploma of hoër onderwyssertifikaart aanbied, toeken of uitreik, waarvoor op die hoër onderwys **[KRHO]** KSRHO voorsiening gemaak word nie, tensy sodanige graad, diploma of sertifikaat op die subraamwerk vir hoër onderwys of die Nasionale Kwalifikasieraamwerk beoog in artikel 7(*b*) gelees met artikel 13(1)(*h*) van die 'National Qualifications Framework Act', geregistreer is."; en

*(b)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Enige openbare inrigting vir hoër onderwys deur die Minister geïdentifiseer ooreenkomstig beleid kragtens artikel 3 vasgestel, moet 'n onderwysprogram of bedryfs- en beroepsleerprogram aanbied wat lei tot 'n kwalifikasie of gedeeltelike kwalifikasie op die subraamwerk vir bedrywe en beroepe beoog in artikel 7*(c)* van die 'National Qualifications Framework Act' en in voldoening met enige voorwaarde deur die Minister gestel.".

**Wysiging van artikel 66 van Wet 101 van 1997, soos vervang deur artikel 10 van Wet 54 van 2000**

**39.** Artikel 66 van die Hoofwet word hierby deur die volgende subartikel na subartikel (1) ingevoeg:

"(1A) Enige iemand wat die bepalings van artikel 51 of 65D oortree is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n vonnis wat vir bedrog opgelê kan word.".

**Wysiging van artikel 68 van Wet 101 van 1997, soos gewysig deur artikel 9 van Wet 55 van 1999 en vervang deur artikel 11 van Wet 54 van 2000**

**40.** Artikel 68 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) paragraaf *(c)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(c)* die raad van 'n nasionale inrigting vir hoër onderwys;"; en

*(b)* by the addition of the following subsection:

"(5) The provisions of subsections (2) and (3) apply to national institutes for higher education with the changes required by the context.".

**Amendment of section 69 of Act 101 of 1997, as substituted by section 13 of Act 63 of 2002 and amended by section 6 of Act 39 of 2008**

**41.** Section 69 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(c)* of the following paragraph:

"*(c)* the planning and reporting framework for public higher education institutions.".

**Repeal of section 70 of Act 101 of 1997**

**42.** Section 70 of the principal Act is hereby repealed.

**Substitution of Long Title of Act 101 of 1997**

**43.** The following Long Title is hereby substituted for the Long Title of the principal Act:

"**To regulate higher education; to provide for the establishment, composition and functions of a Council on Higher Education; to provide for the determination of transformation policy and oversight mechanisms for the public higher education system; to provide for the development of articulation and recognition of prior learning frameworks across the education system; to provide for new institutional types; to provide for the establishment, disestablishment, conversion, merging, incorporation, governance and funding of public higher education institutions; to provide for the powers of the council of a public higher education institution to invest funds; to provide for the conflict of interest and code of conduct of members of the council, committees of the council, and employees, of a public higher education institution; to provide for the issuing of Ministerial directives; to provide for the appointment [and], functions and indemnification of an independent assessor; to provide for the appointment, functions, indemnification and termination of the term of office of an administrator; to provide for the issuing of post-administration directives by the Minister; to provide for the establishment, disestablishment, governance and funding of national institutes for higher education; to provide for the registration of private higher education institutions, the different categories of registration and the associated rights; to provide for quality assurance and quality promotion in higher education; to provide for the withdrawal and revocation of qualifications by public or private higher education institutions; to provide for transitional arrangements and the repeal of certain laws; and to provide for matters connected therewith.**".

**Amendment of the Arrangement of Sections of Act 101 of 1997**

**44.** The Arrangement of Sections of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for item 2 of the following item:

"**2.** Application and interpretation";

*(b)* by the deletion of items 38A to 38O;

*(c)* by the substitution for item 41 of the following item:

"**41.** Records to be kept, external audit and information to be furnished by council";

*(d)* by the insertion after item 41 of the following heading:

"**CHAPTER 6**
**MINISTERIAL INTERVENTIONS IN HIGHER EDUCATION INSTITUTIONS**"

*(e)* by the deletion of item 41A;

*(f)* by the substitution for item 42 of the following item:

"**42.** Ministerial directive";

*(b)* deur die volgende subartikel by te voeg:

"(5) Die bepalings van subartikels (2) en (3) is van toepassing op nasionale inrigtings vir hoër onderwys met die veranderinge deur die samehang vereis.".

**Wysiging van artikel 69 van Wet 101 van 1997, soos vervang deur artikel 13 van Wet 63 van 2002 en gewysig deur artikel 6 van Wet 39 van 2008**

**41.** Artikel 69 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(c)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(c)* die beplannings- en verslagdoeningsraamwerk vir openbare inrigtings vir hoër onderwys.".

**Herroeping van artikel 70 van Wet 101 van 1997**

**42.** Artikel 70 van die Hoofwet word hierby herroep.

**Vervanging van Lang Titel van Wet 101 van 1997**

**43.** Die Lang Titel van die Hoofwet word hierby deur die volgende Lang Titel vervang:

"**Om hoër onderwys te reël; om vir die instelling, samestelling en werksaamhede van 'n Raad vir Hoër Onderwys voorsiening te maak; om vir die vasstelling van transformasiebeleid en toesigmeganismes vir die stelsel vir hoër onderwys voorsiening te maak; om vir die ontwikkeling van artikulasie en erkenning van raamwerke vir vooraf-leer regoor die onderwysstelsel voorsiening te maak; om vir die instelling, afstigting, omskakeling, samesmelting, inkorporasie, beheer en befondsing van openbare inrigtings vir hoër onderwys voorsiening te maak; om vir die bevoegdhede van die raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys om fondse te belê voorsiening te maak; om vir die botsing van belange en gedragskode van lede van die raad, komitees van die raad, en werknemers van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys voorsiening te maak; om vir die uitreiking van Ministeriële lasgewings voorsiening te maak; om vir die aanstelling [en], werksaamhede en vrywaring van 'n onafhanklike assessor voorsiening te maak; om vir die aanstelling, werksaamhede, vrywaring en beëindiging van die ampstermyn van 'n administrateur voorsiening te maak; om vir die uitreiking van na-administrasielasgewings deur die Minister voorsiening te maak; om vir die instelling, afstigting, beheer en finansiering van nasionale inrigtings vir hoër onderwys voorsiening te maak; om vir die registrasie van private inrigtings vir hoër onderwys, die verskillende kategorieë van registrasie en die gepaardgaande regte voorsiening te maak; om vir gehalteversekering en gehaltebevordering in hoër onderwys voorsiening te maak; om vir die intrekking en terugtrekking van kwalifikasies deur openbare of private inrigtings vir hoër onderwys voorsiening te maak; om vir oorgangsbepalings en die herroeping van sekere wette voorsiening te maak; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**".

**Wysiging van die Indeling van Artikels van Wet 101 van 1997**

**44.** Die Indeling van Artikels van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur item 2 deur die volgende item te vervang:

"**2.** Toepassing en uitleg";

*(b)* deur items 38A tot 38O te skrap;

*(c)* deur item 41 deur die volgende item te vervang:

"**41.** Raad moet rekords hou, eksterne oudit en inligting verstrek";

*(d)* deur die volgende opskrif na item 41 in te voeg:

"**HOOFSTUK 6**
**MINISTERIËLE INGRYPINGS IN INRIGTINGS VIR HOËR ONDERWYS**"

*(e)* deur item 41A te skrap;

*(f)* deur item 42 deur die volgende item te vervang:

"**42.** Ministeriële lasgewing";

*(g)* by the deletion after item 42 of the following heading:

"**CHAPTER 6**
**INDEPENDENT ASSESSOR**"

*(h)* by the substitution for item 49 of the following item:

"**49.** Remuneration and allowances of independent assessor";

*(i)* by the substitution for item 49A of the following item:

"**49A.** Indemnification of independent assessor";

*(j)* by the insertion after item 49B of the following item:

"**49BA.** Publication of appointment of administrator";

*(k)* by the substitution for item 49D of the following item:

"**49D.** Remuneration and allowances of administrator";

*(l)* by the insertion after item 49E of the following items:

"**49F.** Role, powers, functions and duties of administrator
**49G.** Appointment of administrator on resignation of council
**49H.** Termination of term of office of administrator
**49I.** Directive to council appointed by administrator
**49J.** Indemnification of administrator";

*(m)* by the insertion after item 49J of the following heading and items:

"**CHAPTER 6A**
**NATIONAL INSTITUTES FOR HIGHER EDUCATION**

**49K.** Establishment of national institute for higher education
**49L.** Functions of national institute for higher education
**49M.** Governance, composition of board and committees
**49N.** Term of office of chairperson and members
**49O.** Vacation of Office
**49P.** Filling of vacancies
**49Q.** Delegations
**49R.** Staff and conditions of service
**49S.** Funds of national institute for higher education
**49T.** Annual audit
**49U.** Annual report
**49V.** Ministerial interventions
**49W.** Disestablishment of national institute for higher education";

*(n)* by the substitution for item 51 of the following item:

"**51.** Authority to provide private higher education";

*(o)* by the substitution for item 53 of the following item:

"**53.** Requirements for registration of private higher education institutions";

*(p)* by the insertion after item 65A of the following item:

"**65AB.** Change of type and scope of higher education institution";

*(q)* by the insertion after item 65B of the following item:

"**65BA.** Withdrawal and revocation of degree, diploma, certificate or other qualification"; and

*(r)* by the deletion of item 70.

**Transitional arrangements**

**45.** Any action taken under the repealed sections 38A to 38O of the principal Act, immediately prior to the commencement date of section 11 of the Higher Education Amendment Act, 2016, is deemed to have been taken under the authority of the corresponding provision of Chapter 6 of the principal Act.

**Short title and commencement**

**46.** (1) This Act is called the Higher Education Amendment Act, 2016, and comes into operation on a date to be determined by the Minister by notice in the *Gazette*.

(2) Different dates may be determined under subsection (1) in respect of different provisions of this Act.

(g) deur die volgende opskrif na item 42 te skrap:

"**HOOFSTUK 6**
**ONAFHANKLIKE ASSESSOR**"

(h) deur item 49 deur die volgende item te vervang:

"**49.** Besoldiging en toelaes van onafhanklike assessor";

(i) deur item 49A deur die volgende item te vervang:

"**49A.** Vrywaring van onafhanklike assessor";

(j) deur die volgende item na item 49B in te voeg:

"**49BA.** Publikasie van aanstelling van administrateur";

(k) deur item 49D deur die volgende item te vervang:

"**49D.** Besoldiging en toelaes van administrateur";

(l) deur die volgende items na item 49E in te voeg:

"**49F.** Rol, bevoegdhede, werksaamhede en pligte van 'n administrateur
**49G.** Aanstelling van administrateur by bedanking van raad
**49H.** Beëindiging van ampstermyn van administrateur
**49I.** Lasgewing aan raad deur administrateur aangestel
**49J.** Vrywaring van administrateur";

(m) deur die volgende opskrif en items na item 49J in te voeg:

"**HOOFSTUK 6A**
**NASIONALE INRIGTINGS VIR HOËR ONDERWYS**

**49K.** Instelling van nasionale inrigting vir hoër onderwys
**49L.** Werksaamhede van nasionale inrigting vir hoër onderwys
**49M.** Beheer, samestelling van raad en komitees
**49N.** Ampstermyn van voorsitter en lede
**49O.** Ontruiming van Amp
**49P.** Vul van vakatures
**49Q.** Delegering
**49R.** Personeel en diensvoorwaardes
**49S.** Fondse van nasionale inrigting vir hoër onderwys
**49T.** Jaarlikse oudit
**49U.** Jaarverslag
**49V.** Ministeriële ingrypings
**49W.** Afstigting van nasionale inrigting vir hoër onderwys";

(n) deur item 51 deur die volgende item te vervang:

"**51.** Magtiging om private hoër onderwys aan te bied";

(o) deur item 53 deur die volgende item te vervang:

"**53.** Vereistes vir registrasie van private inrigtings vir hoër onderwys";

(p) deur die volgende item na item 65A in te voeg:

"**65AB.** Verandering van tipe en bestek van inrigting vir hoër onderwys";

(q) deur die volgende item na item 65B in te voeg:

"**65BA.** Intrekking en terugtrekking van graad, diploma, sertifikaat of ander kwalifikasie"; en

(r) deur item 70 te skrap.

**Oorgangsmaatreëls**

**45.** Enige handeling uitgevoer kragtens die herroepte artikels 38A tot 38O van die Hoofwet, onmiddellik voor die inwerkingtredingsdatum van artikel 11 van die Wysigingswet op Hoër Onderwys, 2016, word geag kragtens die gesag van die ooreenstemmende bepaling van Hoofstuk 6 van die Hoofwet, uitgevoer te wees.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**46.** (1) Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Hoër Onderwys, 2016, en tree in werking op 'n datum deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant*, vasgestel.

(2) Verskillende datums kan kragtens subartikel (1) ten opsigte van verskillende bepalings van die Wet vasgestel word.